

26 September

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:9-18
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:10a

Demas

Uit Filemon vers 24 en Kolossense 4:14 blyk duidelik dat Demas 'n getroue medewerker van Paulus was. Albei die briewe is uit die gevangenis in Rome geskrywe. Demas het alles verlaat om Paulus te volg in diens van die evangelie selfs tot in die bloedstad van Nero (wat Christene gehaat en vervolg het).

Dan die ondenkbare(!): "... Demas het my verlaat, omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het ..." Maar nou ja, om na Tessalonika te vertrek en selfs om terug te gaan na die teenwoordige wêreld was nou seker tog nie só verkeerd nie. Hy kon 'n goeie rede gehad het om terug te keer en 'n mens kan in Tessalonika tog net so 'n goeie Christen wees as in Rome. Die verkeerde was nie om Rome te verlaat nie (dit het Crescens en Titus ook gedoen) Dit gaan egter om die motief (wat vir Paulus so hartverskeurend was) "... uit *liefde* vir die teenwoordige wêreld ..."

Mens hoef nie vir Demas te verdink dat hy in die lelike wêreld se sondeslyk wou gaan ploeter nie. Daar is ook 'n "mooi" wêreld van kuns en kultuur, handel en arbeid ... Waarskynlik was hy 'n fatsoenlike wêreldliefhebber. In elk geval, hy het die wêreld bo Christus gestel! Dan gaan dit nie meer oor die skat in die hemel nie, maar oor die skat op die aarde.

Of Demas ooit teruggekeer het, dit weet ons nie. Net God weet dit.

Daar bly egter 'n vraagteken. Sou jy en ek so 'n vraagteken oor ons lewe wou laat hang? Nee, liever 'n uitroepteken! Mag ons lewe dit dan luidkeels verkondig dat ons Christus liefhet, omdat Hy sy lewe vir ons opgeoffer sodat ons meer as oorwinnaars mag wees deur Hom wat ons eerste liefgehad het en getrou bly aan ons roeping.

"Het jy My waarlik lief?" Ja, Here, met my hele hart!

Sing: Psalm 18:1 (1936)

Ds. W de Vos (Emeritus)